

Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal I: 1 Mrt- 12 Mrt.

Liewe Mamma en Pappa

Op die dae wat ek by die huis bly, moet ek hersiening doen en kan Mamma of Pappa hierdie kontrolelys gebruik om seker te maak ek bly op datum. In Graad R leer ons deur te speel en bevat hierdie lys dus net die kern van wat ons in die klas vir Week 1 en 2 onder die knie moet hê. Moet asb. nie alles met my op die eerste dag by die huis voltooi nie. Hierdie werk strek oor die 5 dae wat ek tuis gaan bly vir Week 3 en 4.

Dag 1: Wiskunde Algemeen		
Opdrag		Benodighede
	Kan jy die dae van die week uit jou kop uit sê? (Jy mag jou klasliedjie/ rympie gebruik om die volgorde te onthou)	Enige rympie / liedjie wat jou sal help om die volgorde te onthou. Elke klas het sy eie manier aangeleer.
	<u>Vraagstelling:</u> Die leerder moet in staat wees om begrip te toon vir die dae van die week deur die volgende vragies te antwoord. Toets dit reg deur die week. • Watter dag is dit vandag? • Watter dag was dit gister? • Watter dag sal dit môre wees?	
	<u>Gaan vind nou enige 10 items in jou kamer en bring dit tafel toe.</u> • Tel nou die items hardop (wys na elkeen soos wat jy tel) • Sorteër nou die items volgens kleure. • Sorteër nou die items in 2 groepe: groot en klein	Enige 10 items wat jy bymekaar kan maak.

Dag 2: Huistaal Storievertelling

Opdrag		Benodighede
	<u>Lees weer die storie van Die groen rok voor.</u> Dit is nie nodig om die dokument te druk nie, maar dit sal tog handig wees om na die prente te wys soos wat die storie gelees word. Ons het dit in die klas ook behandel so hierdie leesstuk is vir hulle bekend.	Die groen rok: bl.1
	<u>Wys nou bladsy 2 net soos hy is:</u> Vra die leerder om na die prente te kyk en die storie oor te vertel in sy eie woorde soos wat hy na die prente wys.	Die groen rok: bl.2

Dag 3: Wiskunde Getalbegrip

Opdrag		Benodighede
	Ons het die afgelope week getal 1 aangeleer deur middel van 'n storie, toets die leerder se geheue en vra die volgende vrae: • Waaroor het die storie gegaan? • Wie het in die eerste huis ingetrek?	Getal 1 storie is beskikbaar sodat Mamma/ Pappa 'n agtergrond van die storie kan kry.
	Lees Getal 1 weer voor, vir vaslegging	Getal 1 storie
	<u>Sensoriese ontdekking</u> • Skryf die getal 1 in die sand. • Skryf die getal 1 op Mamma / Pappa se rug. • Laat Mamma /Pappa getal 1 op jou ruggie skryf. (vra dan vir hom / haar watter getal jy nou net op sy rug geskryf het)	Die opsies is oneindig, enige iets wat tot jul beskikking is.

	• Strooi bietjie meel op die kas uit en laat die leerder die getal 1 daarin skryf. • Pak met rys / die stokkies in die koskas/ bone / macaroni die getal 1 uit. Indien die leerder klei het, laat hy die getal 1 rol en die regte hoeveelheid balletjies rol om die getal 1 voor te stel.	
Dag 4: Huistaal		
	Opdrag	Benodighede
	<u>Wat kan die leerder onthou van Die groen rok? Moedig so ver as moontlik aan dat die leerder in volsinne antwoord.</u> • Wie is Sam? (Sam is die seuntjie / boetie in die storie) • Wat was sy sussie se naam? (Die sussie se naam is Zinzi) • Wat was hulle besig om te doen?(Hulle was besig om klaar te maak vir skool) • Wat het met Zinzi se skoolrok gebeur?(Zinzi kon nêrens haar skoolrok vind nie, dit was weg) • Waar het hulle orals gesoek? (Hulle het onder die bed, agter die deur, en binne in die kas gesoek) • Wat is die hond se naam? (Spot is die hond se naam) • Wie het die rok gevind? (Spot het die rok gevind)	Die groen rok: bl.1 indien die storie weer gelees moet word.
	<u>Wys nou bladsy 3 net soos hy is:</u> • Vra die leerder om na die prente te kyk en die prentekaarte in die regte volgorde te plaas. (Leerder vertel du sweer die storie oor in sy eie woorde deur die regte prent te soek wat by die gedeelte van die storie pas.	Die groen rok: bl.3

Dag 5: Wiskunde
Getalstorie

Opdrag

Benodighede

Wat kan die leerder van die Getal I storie onthou?

Teken die storie oor met elke item net soos in die storie en skryf die getal I by met jou potlood. (So ontwikkel die leerder se tekenvaardighede en sy potloodgreep)

WENK: moenie die prentjie vir die leerder wys nie, Laat hy/ sy sy eie verbeelding gebruik. Julle kan na die tyd die prentjies met mekaar vergelyk om te sien watter sleutelprentjie uitgelaat is.

Getal I storie sluit 'n prent in van sleutels prentjies wat sy tekening moet bevat.

Luister en Leer (groenboek)

Voltooi: Week 1, bl. 2-3